

17 Junie

Handelinge 2:37-47

Leef vol liefde

Dis die lewe in die eerste Christengemeente in Jerusalem wat hier vir ons beskryf word. Nie lank tevore is die Heilige Gees uitgestort. En wat tref ons hier aan. Bruisende, entoesiastiese gelowiges wat benewens ander dinge ook waarlik lief was vir mekaar.

Dink vir 'n oomblik aan jou medegelowiges saam met jou in die gemeente. Dink veral aan hulle wat swaar kry, wat bedroef is. Daar is dalk iemand wat altyd eenkant is, iemand wat worstelend is na 'n egskeiding, iemand wat sy of haar werk verloor het, of iets anders. Daar is so baie dinge waaroor ons dikwels bekommerd en hartseer is. En die Here wil nie hê dat ons eenkant wegstaan van die nood van 'n medegelowige nie. Hy roep ons tot ware liefde vir mekaar, om met mekaar mee te leef, om te ondersteun en te begryp. Hy wil hê dat ons omgee vir mekaar en vir mekaar sal bid. Hy verwag van ons om mekaar se laste te help dra, om mekaar te vertroos en moed in te praat in 'n tyd waar baie sonder moed en hoop is. Ons moet sorg dra vir mekaar en mekaar omgaan soos geestelike familie, broers en susters vanweë ons band met die Here Jesus. Julle moet mekaar liefhê - dit was Jesus se opdrag aan sy volgelinge by herhaling voor sy gevangening.

Ons gaan elkeen in hierdie dag geleenthede hê om in liefde te dien. Neem gerus 'n praktiese besluit hieroor - wie gaan u bel - wie wil u vandag gaan besoek, vir wie gaan u dalk 'n kaartjie in die pos gooi. Dalk is jy die hele dag by die werk - dink dan hoe jy die groot gebod van liefde daar kan gaan uitleef, selfs teenoor hulle wat vyandig teenoor jou is. As jy vandag skool toe gaan - probeer om iets uit liefde te doen vir daardie kind wat deur die ander kinders gespot word en nie maats het nie. Steeds moet ons onthou - die ware liefde wat die Here van ons vra is nie 'n natuurlike vermoë of aanleg waarmee ons gebore is nie. Dis 'n wonderlike wat die Heilige Gees alleen uit genade aan ons gee. Sal ons dan nie met oorgawe hierdie geskenk van God afsmeek in ons gebed nie.

Ds. L. du P. van der Vyver (Roodepoort)